Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Anton Fortuin**
Hoofdirektoraat: Distrikte
principal@centreforconservation.co.za | 021 762 1622

Lêerno.: 27/R
Verwysing: 20250124-9

Inrigtingsontwikkeling-en-koördineringsminuut: 0001/2025

Aan: Distriksamptenare, Departementele Hoofde, Prinsipale, Lede van beheerliggame en Opvoeders

**Onderwerp: Uitnodiging aan skole om in 2025 aansoek te doen om blou gedenkplate**

1. **Algemene inligting oor die Blou Gedenkplaat-skoleprojek**

1.1 Die Blou Gedenkplaat-skoleprojek is in 2015 deur die Sentrum vir Bewaringsopvoeding (hierna verwys as "die Sentrum") en die Erfenisstigting van Kaapstad, ('n vennoot van die Erfenisvereniging van Suid-Afrika (HASA), bekendgestel. Altesaam 65 skole in die Wes-Kaap en twee in die Oos Kaap het sedertdien blou gedenkplate ontvang.

1.2 Ontvangers in 2024 was Collegiate Girls' High School, Merweville Primêre Skool, Overberg High School, Springfield Convent School, Vera School, en Wynberg Girls' Junior School.

1.3 Baie skole het 'n lang geskiedenis en trotse erfenis van onderwysvoorsiening aan hul gemeenskappe. Sommige van hierdie skole het bekende name, en hul voortreflikheid het op verskillende wyses onder die aandag van die publiek gekom. Tog het baie ander skole ongemerk in die skaduwee gebly weens ons land se onbillike verlede. Dit geld veral vir die baie sendingskole wat in puik instellings in minderbevoorregte gemeenskappe ontwikkel het. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement glo dat alle skole erkenning vir hul bydraes verdien.

1.4 Die blou gedenkplate is 'n internasionaal erkende simbool van geboue en plekke wat van groot belang in die geskiedenis en erfenis van daardie plaaslike gebiede is. Die HASA het die afgelope 58 jaar die Blou Gedenkplaat-projek bestuur.

1.5 Hierdie projek beteken dat histories interessante en waardevolle geboue en terreine erkenning en status kry deur die toekenning van 'n blou gedenkplaat. Besoek gerus www.cthf.co.za of www.heritagesa.org vir meer inligting en om foto's van die blou gedenkplate wat toegeken is te sien.

1.6 Skole is in 'n groot mate oor die hoof gesien en onderverteenwoordig in die toekenning van blou gedenkplate. Die Sentrum en die HASA wil die projek onder die aandag van skole bring en daardie skole wat van mening is dat hulle vir 'n blou gedenkplaat kwalifiseer, aanmoedig om aansoek te doen deur sorgvuldig aandag te skenk aan die kategorieë wat in punt 4 genoem word.

1.7 Waar moontlik, word die ondersteuning van plaaslike erfenisliggame gevra en sommige van hierdie liggame het onderneem om 'n blou gedenkplaat vir verdienstelike skole in hul omgewing, wat nie self daarvoor kan betaal nie, te borg:

(a) **Kaapstad-gebied:** Erfenisstigting van Kaapstad (een tot twee gratis gedenkplate/jaar)
(b) **Paarl-gebied:** Drakenstein Erfenisstigting (een gratis gedenkplaat/jaar)
(c) **Stellenbosch-gebied:** Stellenbosch Erfenisstigting (een gratis gedenkplaat/ jaar)
(d) **Swellendam/Suid-Kaap-gebied:** Swellendam Erfenisvereniging (bepaal deur beskikbaarheid van fondse)
(e) **Oos-Kaap (Gqeberha en Kariega):** Historical Society of Port Elizabeth (bepaal deur beskikbaarheid van fondse)

1.8 Hoewel die meeste erfenisliggame nie oor die nodige fondse beskik om blou gedenkplate te borg nie, dien hulle op die beoordelingskomitees.

1.9 Die meeste skole moet bereid wees om self vir hul blou gedenkplate te betaal, maar word aangemoedig om borge in hul gemeenskappe te nader.

1.10 Hierdie projek is oop vir alle skole in die Wes-Kaap en ander plekke.

## 2. Voordele vir skole

2.1 Die toekenning van 'n blou gedenkplaat mag die volgende voordele vir skole inhou:

(a) Blou gedenkplate word internasionaal erken as simbole van die erfenisstatus van 'n gebou of perseel.
(b) Blou gedenkplate is gesaghebbend en slegs 'n beperkte getal sal jaarliks toegeken word na gelang van die beskikbare bronne en administrasie daaraan verbonde.
(c) Blou gedenkplate word aan die voorkant van die skool aangebring as 'n permanente historiese baken om die skakel tussen die skool en 'n aktiwiteit, gebeurtenis of persoon te gedenk. Dit word prominent vertoon sodat leerders, ouers en besoekers dit kan sien.
(d) Die toekenning van 'n blou gedenkplaat verleen erkenning aan 'n skool vir die bydrae wat dit tot onderwys in die gemeenskap en tot onderwys in die algemeen gemaak het.
(e) Blou gedenkplate is 'n bron van gemeenskapstrots en prestasie.
(f) Die blou gedenkplate is keurig ontwerp en uit duursame stowwe vervaardig.
(g) Skole wat blou gedenkplate ontvang, sal op die HASA en plaaslike erfenisliggame se webtuistes gelys word.

2.2 Die toekenning van 'n blou gedenkplaat beteken nie dat die perseel/gebou as 'n wettige erfenisperseel verklaar word nie. 'n Blou gedenkplaat word nie onder enige Suid-Afrikaanse wet gedek nie, en dus dien dit nie as wettige beskerming nie. Dit is bloot 'n vorm van erkenning as 'n burgerlike samelewing met 'n erfeniswaarde. Ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999), kan slegs die staat, deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap en sy filiale, 'n wettige en beskermde erfenisperseel verklaar.

2.3 Die aansoekproses is eenvoudig gehou, sodat skole nie onnodig tyd hoef te bestee aan lang en uitvoerige aanbiedings nie.

3. **Hoe die Blou Gedenkplaat-skoleprojek werk**

3.1 Skole wat voel dat hulle aan die kriteria in punt 4 voldoen, word uitgenooi om aansoek te doen.

3.2 Elke aansoek sal op meriete oorweeg word deur 'n paneel beoordelaars wat die HASA, die verskillende erfenisstigtings en die Sentrum insluit. Skole hoef slegs aan **<u>een</u> van die ses kriteria** wat in punt 4 gelys word, te voldoen. Skole moet hul aansoeke motiveer (bronne aandui sodat inligting gestaaf kan word), hulle moet verklaar dat hulle gewillig is om die blou gedenkplaat aan die voorkant van hul gebou ten toon te stel, en hulle moet hul aansoeke teen die vervaldatum voorlê. 'n Aansoekvorm (Bylae A: slegs in Engels beskikbaar), word aangeheg. **Skole word daaraan herinner dat die feit dat hulle 'n aansoek ingedien het, nie vanselfsprekend sukses waarborg nie.**

3.3 Skole sal per e-pos en telefonies in kennis gestel word of daar 'n blou gedenkplaat aan hulle toegeken is al dan nie. Dit is volkome na goeddunke van die beoordelingskomitee.

3.4 Skole sal die geleentheid kry om voorstelle te gee vir die bewoording wat op hul blou gedenkplate aangebring moet word, en die beoordelaars sal alles in hul vermoë doen om dit te verwesenlik. Historiese akkuraatheid, Latynse leuses, grammatikale korrektheid en taalgebruik sal noukeurig oorweeg word om 'n vlak van eenvormigheid te verseker.

3.5 Skole wat blou gedenkplate ontvang, moet **hul leerders, ouers, beheerliggame en skoolgemeenskappe** inlig oor hierdie erkenning. Veral leerders moet bewus gemaak word van die gedenkplaat se simboliek en waarde.

3.6 Skole wat blou gedenkplate ontvang, moet **'n amptelike oorhandiging en onthullingseremonie organiseer** op 'n datum en tyd wat die skool en die organiseerders pas. Dit moet, indien moontlik, **in dieselfde kalenderjaar as die toekenning val en leerders moet verkieslik betrokke wees**. 'n Verteenwoordiger van die HASA, die plaaslike erfenisliggaam of die Sentrum sal teenwoordig wees, indien hulle uitgenooi word. Die blou gedenkplate moet 'n paar dae voor die geleentheid op die muur aangebring word.

3.7 Die koste van 'n blou gedenkplaat, met uitsondering van die plasing daarvan, kan tussen R2 000,00 en R4 000,00 wissel, na gelang van die verskaffer wat die erfenisliggame gebruik, die stowwe wat gebruik word, die grootte van die gedenkplaat, asook die beskikbaarheid van die stowwe. Skole wie se aansoeke suksesvol was en wat self die koste sal dra, sal vir 100% van die koste gefaktureer word voordat die gedenkplaat bestel word.

3.8 Sou beurtkrag weer hervat word, kan dit moontlik bydra dit tot 'n vertraging in die vervaardiging en verkryging van blou gedenkplate, en dus word skole versoek om hul aansoeke betyds in te dien.

4. **Kategorieë**

4.1 Die kategorieë en kriteria is die volgende:
(a) Die leeftyd van die skool (moet ouer as 125 jaar oud wees om te kwalifiseer).
(b) 'n Gebou van argitektoniese belang (bv. welbekende argitek, boustyl, ens.).
(c) Die skool se voortbestaan onder moeilike omstandighede (bv. Die Suid-Afrikaanse Oorlog, gedwonge verskuiwings, rol in die stryd vir demokrasie, natuurrampe, ens.).
(d) 'n Voormalige leerder of opvoeder wat naam gemaak het (die naam moet genoem word en persoon moes reeds afgesterf het).
(e) Die skool se spesifieke **uitsonderlike diens** aan die gemeenskap (bv. eerste skool in die gemeenskap, bydrae tot spesiale onderwys, opheffing van die gemeenskap, ens.). **Toekennings in hierdie kategorie is nie algemeen nie.**
(f) 'n Skool wat gesluit is, maar nogtans 'n betekenisvolle rol in die onderwys gespeel het.

4.2 Skole mag vind dat hulle vir meer as een kategorie kwalifiseer, maar hulle moet die **EEN** kies wat die beste aandui waarop hulle die trotsste is. Daar kan slegs EEN blou gedenkplaat aan 'n skool toegeken word, en die kategorie-keuse moet dus sorgvuldig oorweeg word.

5. **Aansoeke vir 2025**

5.1 Die sluitingsdatum vir voorleggings is **Vrydag, 28 Maart 2025**.

5.2 Aansoeke moet elektronies ingedien word op die aansoekvorm wat voorsien is (Bylae A), en per e-pos aan principal@centreforconservation.co.za of die koördineerder, sigihowes@gmail.com gestuur word.

5.3 Vir verdere inligting, tree in verbinding met die prinsipaal van die Sentrum, mnr. Anton Fortuin, by tel. **021 762 1622**.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke rolspelers.

**GETEKEN:** A MEYER
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING**
**DATUM:** 2025-01-30